

Die Krui-o-gram

11 April 2021 - Uitgawe 02

Berge Wankel | Psalm 114



Om agtergrond te kry oor die Psalmbundel in geheel, gaan lees gerus die derde uitgawe van die Krui-o-gram in Maart (21 Maart 2021). Psalm 114 vorm deel van die Hallel Psalms. Hallel in Hebreeus beteken 'om te prys' en is die stamwoord van Halleluja wat vertaal kan word as 'loof die Here'. Ons weet ook dat Hallel Psalms (113-118) 'n liturgiese funksie binne die Joodse Godsdiens gehad het.

Psalm 114 is 'n Psalm wat die gebeurtenisse van die Uittogverhaal vanaf Egipte na Kanaan (die beloofde land) herdenk. Die Psalm is bekend vir sy beeldspraak en is ongelooflik ryk aan persoonifikasie, metafoor en vergelykings. Alles ten doel om die leser terug te neem na die Uittogverhaal.

In sy geheel kan Psalm 114 in drie dele verdeel word: 1) Verse 1-2 – God wat Israel as Sy eie toe-eien; 2) Verse 3-6 – God wat die natuur intimideer en; 3) Verse 7-8 – God se glorie laat die hele skepping sidder.

Wat ongelooflik van hierdie Psalm is, is dat God se naam nooit direk genoem word in die oorspronklike gedig nie. Dit is asof die skrywer die leser dwing om homself af te vra, wie is hierdie God wat die Israeliete gered het? Wie intimideer die natuur? En dan, in die laaste gedeelte, word hierdie God geopenbaar, dit is Adonai (Here) Elho'i (God) of die Here God.

Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
 - a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
 - b. Watter toetse het jy nog oor vir die kwartaal?

2. Na God
 - a. Lees Psalm 114
 - b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
 - c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
 - d. Hoe laat hierdie Psalm jou voel?

3. Na mense
 - a. Vertel iemand van hoe jy nou God sien, nadat jy Psalm 114 gelees het.





Mirjam bring haar kant

Eksodus 1:1 - 2:10

Baie jare het verbygegaan. 'n Nuwe farao het oor Egipte regeer. Hy het nie geweet van al Josef se goeie dae nie. Daar was nou baie mense in Jakob se familie. Hulle is die *Israeliëte* genoem.

Farao het nie van die *Israeliëte* gehou nie. Hy het hulle hard laat werk. Op 'n dag het Farao besluit om ontslae te raak van al die *Israelitiese* babaseuntjies.

'n Vrou met die naam Jogebed het 'n babaseuntjie gekry. Sy wou hom red. Sy het hom versigtig in 'n mandjie gesit en toe die mandjie in die rivier laat dryf.

Farao se dogter het die mandjie gesien en dit oopgemaak. Die prinses het die baba opgetel en teen haar vasgehou. "Ek wil jou vir my hou," het sy gesê. Sy het hom *Moses* genoem omdat sy hom uit die water gehaal het.

Mirjam, die baba se sussie, het daar naby gestaan om die baba op te pas. Sy het vir die prinses gesê: "Ek ken 'n vrou wat u sal help om vir die baba te sorg." Mirjam het haar ma gaan haal. Jogebed was so bly!

Toe *Moses* groot genoeg was, het Jogebed hom teruggevat na die prinses toe. Hy het in die paleis grootgeword.

Verjaarsdae	
Sondag 11 April	
Gandi Visser	012 803 2793
Maandag 12 April	
Eileen Diedericks	082 679 5669
Michael Grundling	012 803 1711
Mikhayla Human	
Petro Rudolph	012 804 7726
Dinsdag 13 April	
Sanette Mostert	079 056 2928
Deon Potgieter	072 689 9155
Riaan Prinsloo	012 804 5931
Sheralyn Steyn	012 804 2690
Woensdag 14 April	
Lettie Redelinghuys	012 804 8064
Donderdag 15 April	
Melani Els	012 804 6452
Stephen Meyer	
Ansu Visser	072 077 1540
Vrydag 16 April	
Jadon Diedericks	082 679 5669
Erica Wolfaardt	012 348 0954
Saterdag 17 April	
Riaan Pretorius	012 804 4427
Jason Steyn	084 450 7933
Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!	

Gebedslys

KANKER

Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren

GESONDHEID

Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging).
Klein Janro de Jager - Ben van Jaarsveld (Anine se pa)
Alex Smit - Logan Campher - Anelda Du Toit - Jayden Du Toit
Charmaine Whittaker

OPERASIES

Dr Hennie van Buuren

SWANGERSKAPPE

Runé en Eckard Erasmus
Tia en Japie de Jager
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

ONS BID OOK VIR

ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19
Geestesgesondheid van almal in ons land.

Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

Bankbesonderhede:

N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888



zapper™

Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese materiaal
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

